



'n Kunstenaarsvoorstelling van hoe die eerste fase van die nuwe Cradle City-ontwikkeling daar gaan uitsien.

Foto: VERSKAF

Nuwe stad in wieg by Lanseria

Elma Kloppers Johannesburg

Die grootste private eiendomsontwikkeling nóg in Suid-Afrika is gister bekend gestel in die vorm van die nuwe Cradle City-ontwikkeling met 'n verwagte ontwikkelingswaarde van sowat R40 miljard oor 20 jaar.

Cradle City gaan deur Amari Land ontwikkel word op 912 ha in die omgewing van die Lanseria-lughawe in die noordweste van Johannesburg.

Dit is die eerste beplande stad met volhoubare groen komponente in die omgewing van 'n lughawe. 'n Lening van R240 miljoen is reeds deur Nedbank Corporate Property Finance goedgekeur.

Volgens mnr. Markus Kaps, ontwikkelingsdirekteur van Amari Land, sal die nuwe stad uit 'n mengsel van residensiële, kommersiële, kleinhandel-, kantoor-, nywerheids- en ontspanningseiendom bestaan. Hy sê woon, werk en ontspan is ou nuus en die nuwe neiging in ontwikkelings vir gemengde gebruik sluit ook sake- en toerismebedrywighede in. "Inwoners sal nou nie net in dieselfde ontwikkeling kan woon, werk en ontspan nie, maar ook daarvan dan kan vlieg."

“
(Die ekonomiese klimaat) is op kort termyn uitdagend, maar ons hou die langtermynvisie in gedagte.”

Hy meen lughawens is groot katalisators vir ekonomiese groei en Lanseria is die kern-ekonomiese drywer vir die ontwikkeling se toekomstige groei.

Tans is kulula.com die enigste nasionale lugdiens wat van Lanseria af vlieg, hoewel verwag word dat ander lugdienste die lughawe ook later sal gebruik. Hy sê dit sal 'n beduidende uitwerking hê op die aantal passasiers by dié lughawe en die verwagting is dat dit van die huidige 300 000 tot 7 miljoen in 2017 kan toeneem.

Hy sê benewens die unieke ligging van Cradle City is die groot voordeel dat die stad van die fundamente af opgerig kan word. Dit bied die opwindende geleentheid om die verskillende gebruikskomponente van die ontwikkeling te maksimaliseer.

Die ontwikkeling is in ooreenstemming met die Gautengse regering se groeistrategie en word deur die provinsiale en plaaslike regering ondersteun.

Die ontwikkeling gaan in ses fases opgerig word, waarvan die eerste fase die Cradle City Business Park sal wees en die tweede fase 'n ontwikkeling van sowat 178 ha vir gemengde gebruik. Dit sal 'n wye spektrum residensiële opsies insluit, waar lae- tot hoëdigtheid-huisvesting geïntegreer sal word.

Die eerste fase gaan op 'n perseel van 78,9 ha opgerig word en 'n mengsel van sowat 300 000 m² ligtenywerheidseiendom behels, tussen 5 000 m² en 10 000 m² kleinhandelruimte, meer as 40 000 m² kantore en 'n 120-slaapkamer-hotel.

Dié fase sal as 'n poort tot die lughawe dien met 'n mini-vervoerstelsel na en van die lughawe.

Die grondwerk vir die eerste fase gaan in Mei begin.

Agtergrond

Amari Land is vroeg in 2007 deur mnr. Preston Haskell, 'n internasionale eiendomsontwikkelaar, Mike Nunn, 'n mynbou-entrepreneur, en André van Wyk, 'n spesialis in die hersonering van grond, gevestig.

Die groep is besig met twee ontwikkelings vir gemengde gebruik wat naby lughawens is.

Dit is Cradle City van 912 ha in Gauteng en Luano City van 380 ha in Lubumbashi in die Demokratiese Republiek van die Kongo.

Samestelling

Kleinhandelruimte: 769 381 m²
Kantoorruimte: 2 399 612 m²
Nywerheidsruimte: 1 139 396 m²
Residensiële: 3 218 955 m²
Ontspanningsruimte: 208 002 m²
Totale ruimte: 7 735 336 m²

Oor die huidige negatiewe ekonomiese klimaat sê Kaps: "Dit is op kort termyn uitdagend, maar ons hou die langtermynvisie in gedagte."